**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. : A264/2005

In die appèl van:

**DEBORA ALETHA HORN** Appellant

en

**GERHARDUS BENJAMIN VAN BILJON** Respondent

---

**CORAM:** VAN DER MERWE, R *et* MILTON, Wnd R

---

**UITSPRAAK:** VAN DER MERWE, R

---

**AANGEHOOR OP:** 14 AUGUSTUS 2006

---

**GELEWER OP:** 17 AUGUSTUS 2006

---

[1] Hierdie is 'n appèl teen 'n bevel wat 'n skikkingsooreenkoms aangegaan tussen die partye hiertoe, 'n bevel van die landdroshof gemaak het.

[2] Die appellant is 'n prokureur wat praktiseer te Bothaville en die respondent is 'n landdros aangestel as sulks vir die distrik van Bothaville. Gedurende Oktober 2002 het die

respondent in die landdroshof te Bothaville 'n aksie teen die appellant ingestel waarin hy op grond van beweerde lasterlike bewerings deur die appellant gepubliseer, die bedrag van R100 000,00 van die appellant gevorder het. 'n Volledige stel pleitstukke is in die lasteraksie gewissel. In sy besonderhede van vordering het die respondent gesteun op drie briewe wat deur die appellant geskryf is. In haar verweerskrif het die appellant onder andere daarop gesteun dat elk van hierdie drie briewe in gepriviligieerde omstandighede gerig en ontvang is en is myns insiens 'n verweer van gekwalifiseerde privilegie voldoende gepleit. In 'n replikasie het die respondent op sy beurt weer onder andere ontken dat die briewe by gepriviligieerde geleenthede gerig en ontvang is en in die alternatief aangevoer dat die appellant in ieder geval met 'n onbehoorlike motief opgetree het.

[3] Op 11 Maart 2005 het die partye egter 'n skriftelike skikkingsooreenkoms ten aansien van hierdie aksie aangegaan. Tydens die onderhandelinge wat tot die

aangaan van die skikkingsooreenkoms gelei het, was die appellant verteenwoordig deur 'n prokureur en 'n advokaat en was die respondent ook deur 'n prokureur verteenwoordig. Die terme van die skikkingsooreenkoms, wat deur elk van die partye onderteken is, is bondig en dit is die volgende:

"By ooreenkoms tussen die partye:

1.

Verweerder betaal aan Eiser die bedrag van R25 000,00 (vyf en twintig duisend rand) in volle en finale vereffening van alle eise en geskille tussen die partye. Betaling om te geskied binne 14 dae na datum van ondertekening hiervan.

2.

Eiser om sy aksie teen Verweerder terug te trek.

3.

Elke party om sy eie kostes te dra."

[4] Aangesien die appellant nie die terme van die skikkingsooreenkoms nagekom het nie, het die respondent ingevolge die bepalings van Landroshofreël 27(9) aansoek gedoen dat die skikkingsooreenkoms 'n bevel van die hof

gemaak word. Hierdie aansoek is teengestaan, maar is toegestaan op 12 Augustus 2005 deur Mev. C. Neyt, van die landdroshof Sasolburg. Dit is teen hierdie bevel wat die appellant appèl aangeteken het.

[5] In ‘n wydlopende opponerende verklaring tot die gemelde aansoek het die appellant aangevoer dat sy nie aan die skikkingsooreenkoms gebonde is nie. Die oorgrote gedeelte van die opponerende verklaring is heeltemal ontersaaklik. Die inhoud daarvan wat wel in oorweging geneem moet word is slegs die volgende:

> “5.1 Ek het regsadvies na die 11de Maart 2005 ingewin en is geadviseer, met betrekking tot die meriete in bogenoemde saak, dat ek nie laster gepleeg het nie.
>
> 5.2 Ek is van voorneme om my Verweerskrif te wysig. Daarin sal gehandel word met ‘n verdere verweer gebaseer op **gekwalifiseerde privilegie.** Ek beroep myself op hierdie verweer aan die hand van die beslissing van Yazbek versus Seymour – 2001 (3) SA 695 Oos-Kaap.
>
> 5.3 Ek was klaarblyklik voorheen verkeerd geadviseer. Ek sou nooit tot die skikking toegestem het, indien ek die korrekte regsadvies ontvang het nie.

...

> 11.7 Soos ek alreeds aangedui het beskou ek myself nie

> gebonde aan hierdie skikkingsakte nie. Ek is van voorneme om my Verweerskrif te wysig, ten einde meer spesifiek te handel met die verweer van gekwalifiseerde privilegie en sal die gelykheid kwessies soos toepaslik blyk te wees daarin behandel word, alternatiewelik sal dit behandel word voor die relevante forum."

[6] Dit is duidelik dat die appellant nie enigsins in dwaling verkeer het aangaande die aard en inhoud van die skikkingsooreenkoms nie. Daaroor was daar klaarblyklik wel wilsooreenstemming tussen die partye. Wat die appellant sê, is dat sy verkeerdelik geadviseer is dat sy nie 'n verweer het teen die respondent se aksie nie, in besonder wat betref gekwalifiseerde privilegie, en dat indien sy korrek geadviseer was sy nie die skikkingsooreenkoms sou aangegaan het nie. Sonder om enigsins so te beslis, aanvaar ek vir doeleindes hiervan wat die appellant aanvoer. Die vraag is egter of dit wat die appellant aanvoer haar regtens van die skikkingsooreenkoms verlos.

[7] Die afdwingbaarheid van 'n skikkingsooreenkoms of

*transactio* kan in beginsel aangeveg word op enige grond van waarop die afdwingbaarheid van enige kontrak regtens aangeveg sou kon word, insluitende dwaling. By die beoordeling van verweer dat 'n persoon as gevolg van dwaling nie aan 'n skikkingsooreenkoms gebonde is nie, moet natuurlik gelet word op die besondere aard van 'n skikkingsooreenkoms, naamlik om 'n einde te maak aan onsekerhede en dispute. Sien **BLOU BUL BOORKONTRAKTEURS v McLACHLAN** 1991 (4) SA 283 (T) en **GOLLACH & GOMPERTS (1967) (PTY) LTD v UNIVERSAL MILLS & PRODUCE CO. (PTY) LTD AND OTHERS** 1978 (1) SA 914 (A) op 923 C – D.

[8] In die onderhawige geval steun die appellant geensins op enige wanvoorstelling aan die kant van die respondent nie. Hier is klaarblyklik ook geen sprake hoegenaamd van 'n gemeenskaplike foutiewe veronderstelling wat boonop deur die partye tot die skikkingsooreenkoms as 'n stilswyende voorwaarde vir die gelding daarvan gestel is nie. Die appellant steun op 'n eensydige dwaling ten aansien van

niks anders nie dan die beredenering of motivering insluitende die meriete van die lasteraksie, wat gelei het tot aangaan van die skikking. So 'n dwaling (in die beweegrede) word nie deur die reg erken as vermydingsgrond vir 'n kontrak nie, omdat dit nie wilsooreenstemming uitsluit nie of negativeer nie. Sien **DIEDERICKS v MINISTER OF LANDS** 1964 (1) SA 49 (N) op 56; **GOLLACH & GOMPERTS (1967) (PTY) LTD v UNIVERSAL MILLS & PRODUCE CO. (PTY) LTD AND OTHERS,** *supra* op 922 H; **WILSON BAYLY HOLMES (PTY) LTD v MAEYANE & OTHERS** 1995 (4) SA 340 (T) op 343 H en verder; **LAWSA, Volume 5, Deel 1**, pagina 229, par. 142.

[9] Selfs al sou die fout waarop die appellant steun beskou moet word as 'n relevante of wesenlike een (wat soos reeds gesê ek meen dit nie is nie) en gevolglik aanvaar word dat die appellant kan steun op 'n sogenaamde *iustus error*, is ek geensins tevrede dat aangetoon is dat die fout 'n redelike een was nie. Die respondent het nie die fout (as dit een

was) veroorsaak nie en daar is geen inligting voor ons tot die effek dat die respondent bewus was van ‘n fout aan die kant van die appellant nie. Alles dui daarop dat die respondent te goede trou van mening was dat sy aksie behoort te slaag. Die appellant as prokureur het of moes redelikerwys besef het dat regsadvies in die omstandighede van die betrokke aksie nie absoluut kon wees nie en dat die risiko bestaan het dat dit mag blyk nie korrek te gewees het nie. Nogtans het die appellant na volledige geleentheid om so te doen, ‘n oorwoë besluit geneem om die aksie teen haar by wyse van die skikkingsooreenkoms tot ‘n einde te bring. In hierdie omstandighede is die fout waarop gesteun word na my oordeel in ieder geval nie redelik of verskoonbaar nie. Sien die beredenering in **DIEDERICKS v MINISTER OF LANDS**, *supra* op 56 H tot 57 G en **GOLLACH & GOMPERTS (1967) (PTY) LTD v UNIVERSAL MILLS & PRODUCE CO. (PTY) LTD AND OTHERS,** *supra* op 926 F – 927 F. Sien ook **SONAP PETROLEUM (SA) (PTY) LTD v PAPPADOGIANIS** 1992 (3) SA 234 (A) op 239 and **LAWSA** *supra,* pagina 230, par. 143.

[10] Dit volg dat die verhoorlanddros korrek was om die skikkingsooreenkoms te bekragtig en dat die appèl nie kan slaag nie.

[11] Gevolglik word die appèl afgewys met koste.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**D. MILTON, Wnd R**

Namens die appellant: Adv. Z. Eloff
In opdrag van:
Bock-Van Es-Nikamanzi
BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv. N.G. Laubscher
In opdrag van:
Hill, McHardy & Herbst Ing.
BLOEMFONTEIN

/em